# HOOFSTUK 6

# PRAKTYKTEORIE VAN LEIERSKAPONTWIKKELING VIR KLEIN LANDELIKE GEMEENTES VAN DIE VGKSA

## 6.1 INLEIDING

### *6.1.1 Doel van hoofstuk*

Die doel van hierdie hoofstuk is om ‘n praktykteorie voor te stel vir leierskapontwikkeling in

klein landelike gemeentes van die VGKSA. Uit die insigte uit die studie verwerf, wil ek die breë riglyne skets van die praktykteorie wat sal handel oor die *hoe* van leierskapontwikkeling in die klein landelike gemeentes wat die fokus van die ondersoek was.

## 6.2 PRAKTYKTEORIE

### *6.2.1 Rolspelers in die formulering van 'n praktykteorie*

Daar is drie rolspelers in die formulering van 'n praktykteorie, naamlik die *metateorieë*, die *basisteorieë* en die resultaat van die *empiriese ondersoek*. Waar die meta- en basisteorieë die wetenskapteoretiese en teologiese perspektief en insig op leierskapontwikkeling gee, moet die insigte wat uit die empiriese ondersoek voortvloei ook bykom, want 'n praktykteorie ontstaan uit die wisselwerking tussen teorie en praxis.

### *6.2.2 Die noodroep uit die heersende kerklike praktyk*

Die sinode van Noord-Transvaal (VGKSA) bestaan uit 128 gemeentes waarvan 48 tans sonder 'n eie leraar is. Van hierdie 48 gemeentes is 23 klein landelike gemeentes. Uit die empiriese ondersoek is hierdie situasie as 'n ernstige probleem beskou, want elke gemeente wil so ver moontlik 'n eie leraar hê. Dit plaas die leierskap van die streeksinode voor geweldige uitdagings, maar dit verplig ook die VGKSA om te besin oor die gemeentebediening, asook die opleiding en toelating van bewese gemeenteleiers as predikante. Armoede speel sonder twyfel 'n rol in die heersende situasie, want onafhanklike studies dui daarop dat die grootste gros arm mense in Suid-Afrika op die platteland bly. Daarom sal die leierskap van die streeksinode nuut en innoverend na die kerk se bedieningspraktyk in die landelike gebiede moet kyk.

### *6.2.3 Die rol van die ouderling in die situasie*

Die ouderling as gemeenteleier in die VGKSA is empiries bevestig. Dit word allerweë erken dat ouderlinge op die platteland 'n deurslag-gewende pastorale rol in die gemeentebediening

speel sonder dat hulle daarvoor amptelik opgelei is. Beide predikante én ouderlinge wat as respondente opgetree het, het vir die kerklike opleiding van ouderlinge 'n noodkreet laat hoor. Hierdie noodkreet dien as stimulus vir beïnvloeding van *onder na bo* dat die leierskapontwikkeling van ouderlinge met die oog op pastorwees nou die aandag van die VGKSA se topleiding moet kry.

Die gemeentepraktyk bevestig empiries dat ouderlinge in beide klein landelike gemeentes én in wykskerke van groot plattelandse gemeentes inderdaad in die afwesigheid van predikante as onopgeleide 'pastores' optree. Binne 'n konteks van armoede het 'n situasie ontstaan waar aan regerende ouderlinge as noodmaatreël *preekmag* gegee is, maar die sakramentsbediening word gereserveer vir geordende bedienaars van die Woord. In die VGKSA is hierdie nie net 'n plattelandse verskynsel[18] nie, maar dit is 'n kerklike praktyk wat ook in sommige stedelike gemeentes geld. Vir dié situasie is die aanleidende oorsaak drieledig, naamlik -

p. klein plattelandse gemeentes wat hulself sonder 'n eie predikant bevind, want vir hulle is 'n predikant onbekostigbaar;

q. groot plattelandse gemeentes wat deur te min leraars bedien word weens geografiese ligging, groot afstande, lidmaatgetalle, asook die bekostigbaarheid van voltydse leraars; en

r. gemeentes in stedelike gebiede wat vir meerdere bediening vra, maar dit nie kan bekostig nie.

Die onafwendbare gevolg is dat opgeleide leraars al hoe meer 'n ander finansiële heenkome vind en dan slegs as deeltydse leraars vir gemeentewerk beskikbaar is. Die prediking wat normaalweg binne die gereformeerde tradisie by leraars hoort, het nou deur kerklike usansie as gemeentepraktyk op die regerende ouderlinge oorgegaan. Dit is die breë agtergrond tot die studie. Dit dien dan ook as basis vir 'n praktykteorie oor leierskapontwikkeling in klein en finansieel arm landelike gemeentes van die VGKSA.

1. Tydens die empiriese ondersoek was die stedelike ouderling juis met preekvoorbereiding besig. Wat opgeval het, was die moeite, want 'n Bybelse woordeboek asook die Bybel in praktyk is ingespan deur iemand wat net oor standerd 6 beskik. In die huisie is daar nie 'n studeerkamer nie. Die voorbereiding word sommer in die kombuis by die kombuistafel gedoen.

## 6.3 DIMENSIES VAN DIE PRAKTYKTEORIE

### *6.3.1 Die tentmakerbediening*

Dwarsdeur die geskiedenis was daar tye waar gemeentes nood-gedwonge sonder voltydse pastores moes klaarkom. Die VGKSA bevind haar tans in só ‘n posisie. Die opleiding van meer predikante sou die simplistiese oplossing wees, maar só ‘n oplossing word ingehaal deur die werklikheid van finansiële armoede. Mense is enige organisasie se kosbaarste bate. Dit geld ook vir die kerk. Al is die VGKSA finansieel arm, is sy nie geestelik arm nie, want haar lidmate word deur God bemagtig met gawes van die Gees. Daarom laat ‘n aangepaste herder-kuddemodel van gemeente-inrigting met elemente van die liggaams-model teoreties ruimte vir ouderlinge om die rol van pastores te kan vervul. Leiers in die liggaam van Christus-model is nie anders as diensknegleiers nie.

In die verlede is daar in krisistye na ander modelle as die voltydse bediening gekyk. Modelle wat in die loop van die geskiedenis op die tafel sou kom, is die vakleerlingmodel, die indiensopleidingsmodel en die tentmakermodel. Die kerkordelike erkenning van die tentmaker-bediening as aanvaarde bedieningsvorm het vir die VGKSA al lankal aangebreek. Wat nou kortkom is die verdere uitbreiding van die tentmakerbediening binne die konteks van die VGKSA se landelike gemeentes.

Die aanduidings is daar dat die tentmakerbediening nie uit keuse nie, maar uit dwang, al hoe meer die bedieningsmodus van die toekoms vir die kerk in die algemeen sal wees. Die VGKSA se heersende kerklike praktyk deur slegs *reeds opgeleide predikante* tot die tentmaker-bediening toe te laat, is nie ‘n oplossing vir die eiesoortige konteks van die klein landelike gemeentes, of wykskerke van groot plattelandse gemeentes nie.

Die legitimasie in uitsonderlike gevalle van bewese gemeenteleiers is vir die VGKSA se topleiding ‘n bekende kerklike praktyk. Dit stam uit die voormalige NGKA en NGSK en is deur die VGKSA se algemene sinode van 1997 ook as sulks erken. Weliswaar is hierdie

kerklike praktyk selde toegepas, maar uit die 32 respondente het net drie leraars hierdie weg nie as ‘n oplossing vir die huidige situasie gesien nie. Uit die empiriese ondersoek blyk duidelik dat die tyd ryp is vir die VGKSA se topleiding om ‘n erkende kerklike praktyk in ‘n aangepaste vorm te laat herleef in belang van die klein landelike gemeentes en wykskerke op die platteland wat andersins dalk nooit ‘n eie leraar sal hê nie.

Deeglike opleiding is as vereiste gestel vir bewese gemeenteleiers wat in die VGKSA *op ‘n ander wyse* as pastores toegelaat word. Aspekte wat in sodanige opleiding aandag moet kry, raak die teologie, die spiritualiteit van die kandidaat, asook basiese bestuursvaardighede. Die wyse van opleiding vertoon ‘n sintese van die drie erkende modelle (indiensopleiding, vakleerling, en tentmaker) soos dit alreeds deur ander denominasies in die verlede beproef is.

### *6.3.2 Die ouderling en sakramentsbediening*

Dit blyk uit die empiriese ondersoek dat die VGKSA se kerkleiding aan die ouderling en sakramentsbediening aandag sal moet gee. Talle respondente sê prontuit die VGKSA se amptelike standpunt is strydig met die gereformeerde kerkleer, want in die kerklike praktyk word die sakramentsbediening hoër geag as die Woordbediening. Dié kerklike praktyk is ‘n onderbenutting van pastores as menslike hulpbronne en uit pas met die kerklike leer oor rentmeesterskap, want *bedienaars van die Woord* word nou verskraal tot *bedienaars van die sakrament*.

Stemme gaan op uit die empiriese ondersoek vir die toelating van ouderlinge tot die bediening van die sakramente, mits dit omsigtig langs ‘n ordelike weg geskied. Die onus moet by die plaaslike kerkraad rus om by die ring vir sodanige toegewing aansoek te doen waaroor die ring toesig moet hou. Hierdeur kom die plaaslike gemeente weer tot haar reg as natuurlike tuiste vir leierskapontwikkeling.

Hierdie studie is ‘n eerlike soeke na oplossings vir die navorsings-probleem. As sulks is dit niks meer as ‘n eerste en wankelende tree nie. Wat die empiriese ondersoek blootlê, het ons

uit die praxis aangevoel. Maar nou kan ons op eg demokratiese én teokratiese wyse sê: “Die kerkvolk as Godsvolk het gepraat.”

## 6.4 SAMEVATTING

Ons leef in oorgangstye wat aan alle kerkleiers unieke eise stel. Ook die VGKSA in die sinode van Noord-Transvaal beleef nou so ‘n tyd. Vanuit hul konkrete konteks is die klein gemeentes of wykskerke se oë in dié tyd op die kerkleiding. Oor dié nood wat op die tafel gekom het, moet ons buig voor die aansprake van God se Woord en luister na die Gees, want die voortgang van die evangelie binne ‘n situasie van armoede in talle klein gemeentes vra visionêre leierskap van die VGKSA se topleiding.

Die toelating van bewese gemeenteleiers as pastores vra van die VGKSA se topleiding ‘n paradigmaskuif, want die toepassing van ‘n erkende kerklike praktyk staan nie in opposisie tot deeglike teologiese opleiding nie, maar is aanvullend tot die Kerk se bestaande opleidingsprogramme. Dit is nie ‘n saak van *óf-óf* nie, maar van *én-én* wat opkom uit die konteks van die klein en materieel arm gemeentes en wykskerke op die platteland.

Die swaar Saulsharnas van lang akademiese predikante-opleiding vir die klein sukkelende gemeentes en wykskerke op die platteland moet ons afskud. Laat ons dit verruil vir ‘n ligter *webbing*[19] wat ons binne die konteks van die VGKSA teologies kan verantwoord omdat dit vir ons bekostigbaar en effektief is. Tydens die empiriese ondersoek het ‘n jong leraar as respondent só laat hoor:

> “Dieselfde gesindheid wat by Paulus was, moet ook by ons wees. As ons bekwame gemeenteleiers volwaardige leraars maak, moet ons dit nie as ‘n bedreiging sien nie, want as kerkleiers moet ons almal streef na die vestiging

2. By gebrek aan ‘n beter Afrikaanse woord gebruik ek die woord *webbing* as aanduidend van ligte gevegsdrag gemaak van seildoek. Die gedagte is opgetel uit prof Thias Kgatla se openingsrede as moderator by die Sinodale Kommissie van die sinode van Noord-Transvaal (VGKSA) op Maandag 27 September 2004 te Mamelodi.

> van God se ryk in hierdie wêreld. Daarom is daar in die kerk vir beroepsjaloesie en eiebelang nooit plek nie."

Mag die sentimente van dié jong leraar oor die toelating van bewese plaaslike gemeenteleiers ook ons as leraars en leiers van die VGKSA se sentimente word.